Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute en een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- OF FEIT/MENING- vrae, word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  - 1 punt vir die rede motivering/aanhaling.
    - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett | L.U. |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Daar word na die natuur gekyk deur ’n rugbylens. / Voëls word met rugbyspelers vergelyk. | 1 | 4 | 2 |
| 1.2 | Ja – alliterasie vang die oog / die vergelyking val op OF Nee – as jy niks van rugby weet nie sal die opskrif min beteken. | 2 | 5 | 2 |
| 1.3 | Hy is hoof van die bewaringsorganisasie WWF SA. | 1 | 1 | 2 |
| 1.4 | 1.4.1 Heinrich – Brüssow | 1 | 3 | 2 |
| | 1.4.2 ’n bal / rugbybal | 1 | 3 | 2 |
| | 1.4.3 getjommel | 1 | 3 | 2 |
| 1.5 | Die een verg geen inspanning nie – “sit-en-wag-tegniek,” terwyl die ander een flapsweef behels, wat harde werk is. | 2 | 3 | 2 |
| 1.6 | Prooi wat sy jaggebied betree / Hy sien ’n kans raak om kos te vang. | 1 | 3 | 2 |
| 1.7 | Die valk se lewenspel baat deur die kos wat hy vang EN die prooi se lewenspel kom tot ’n einde vanweë sy prooistatus. | 2 | 3 | 2 |
| 1.8 | Sy bou is by sy jagproses aangepas. | 1 | 1 | 2 |
| 1.9 | Hy raak kwaad en kan moontlik aggressief raak / kan die ander valk konfronteer/mee baklei. | 1 | 1 | 2 |
| 1.10 | As die valk ’n rugbyspeler was, sou hy hom beslis as Springbok gekies het. / Die valk is baie goed in wat hy doen. | 1 | 2 | 2 |
| 1.11 | Mense wat na en van Zimbabwe reis. | 1 | 1 | 2 |
| 1.12 | Mense wat die een of ander siekte/pyn/skeet het. | 1 | 3 | 2 |
| 1.13 | Dit dui op iets kosbaars/iets besonders/iets spesiaals/ wat regtig uitstaan. | 1 | 3 | 2 |

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett | L.U. |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| 1.14 | 1.14.1 Selfsorg-rondawels/woonwapark | 1 | 2 | 2 |
| | 1.14.2 ŉ 4x4-baan / nabygeleë wildroete | 1 | 2 | 2 |
| | 1.14.3 Sien 4 van die Groot Vyf. | 1 | 2 | 2 |
| 1.15 | Die bymekaarkomplek / Die grootste fasiliteite / die plek waar dinge gebeur. | 2 | 3 | 2 |
| 1.16 | Ja – geslaagd – netjiese uiteensetting / verskillende lettertipes / visueel stimulerend of<br>Nee – nie geslaagd – te veel skrif/uitleg te konserwatief/ woordgebruik te oordrewe. | 2 | 5 | 2 |
| 1.17 | Hy weet van selfone / *twitter* / *Facebook.* | 1 | 1 | 2 |
| 1.18 | Sosiale netwerke ontneem die mens sy mensheid. / Hofmakery word oor sosiale netwerke gedoen. | 1 | 3 | 2 |
| 1.19 | Verontwaardig/ongeloof/geskok/ongelukkig/ontevrede | 1 | 2 | 2 |
| 1.20 | Nee, sy wil hom dan nie fisies ontmoet nie. / Sy dink hy is uit die oude doos/ | 1 | 4 | 2 |
| 1.21 | Outyds/konserwatief/nie byderwets nie. | 1<br>**[30]** | 2 | 2 |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

LU2 AS2. 1.5 Barret 2

- Kandidaat moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken:
  - Vir 1 punt moet 1 – 3 feite korrek wees
  - Vir 2 punte moet 4 – 5 feite korrek wees
  - Vir 3 punte moet 6 – 7 feite korrek wees
  - Penaliseer soos volg:
    - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - Trek 1 punt af van die totaal behaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**HOE GROOT GOED GEDOEN KAN WORD**

Soek die volgende feite. Dit moet puntsgewys aangebied word.

1. Maak seker dis jou eie unieke droom/hartsbegeerte.

2. Moenie jou kredietkaart onbeperk gebruik nie. / Stel ŉ begroting op wat vir jou werk.

3. Wees bereid om opofferings te maak. / Jy kan nie jou brood aan albei kante botter nie.

4. Vertel vir ander van jou drome. / Deur jou droom te deel, plaas jy druk op jouself om dit waar te maak.

5. Baklei teen vrees/senuwees.

6. Jy is ŉ gewone mens en aanvaar dit so. / Wees bereid om jou lekkerny-tande te trek.

7. As jy jou droom volg, sal jy beslis dans/vroliker wees/gelukkiger wees.

8. Hulle het ŉ sterk wil.

9. Geld is nie bepalend nie. / Geld is nie alles nie.

(Nie meer as 80 woorde nie.)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: STROKIESPRENT EN WENKE

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett | L.U. |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Jy sou nie die enigste vrou wees / gewees het wat net gegaan het om die spelers se bene te bekyk nie. | 1 | 2 | 4 |
| 3.2 | beentjies *(Spelling en meervoud moet reg wees.)* | 1 | 1 | 4 |
| 3.3 | Dit maak tog saak dat jy alles verstaan. | 1 | 3 | 4 |
| 3.4 | Hy vra of sy vir die atmosfeer wil saamkom. / Hy vra dat sy vir die atmosfeer moet saamkom. | 1 | 5 | 4 |
| 3.5 | Op my tog deur S.A. het ek baie interessante mense ontdek. | 1 | 3 | 4 |
| 3.6 | Sa. | 1 | 1 | 4 |
| 3.7 | Stapelgek | 1 | 1 | 4 |
| 3.8 | C – uitroepsin | 1 | 3 | 4 |
| 3.9 | Natuurlik word daar nie van 'n vrou verwag dat sy iets van rugby moet weet nie. | 1 | 5 | 4 |
| 3.10 | Wanneer daar meer spesifiek na die teenoorgestelde van mans / eggenotes verwys word. | 1 | 4 | 4 |
| 3.11 | Intelligensiekwosiënt (*Spelling nie belangrik nie.)* | 1 | 1 | 4 |
| 3.12 | Nuttige /waardevolle | 1 | 3 | 4 |
| 3.13 | B – bywoord | 1 | 3 | 4 |
| 3.14 | Die maer meisie eet min. | 1 | 2 | 4 |
| 3.15 | Ons gaan nie rugby toe nie, want ons haat dit/verafsku dit / verpes dit ... kry dit in jou simpel kop / wat verstaan jy nie. (Hulle hoef net een van die 2 te kan doen.) | 1 | 3 | 4 |
| 3.16 | Ma moet met 'n hoofletter wees. / Ma | 1 | 2 | 4 |
| 3.17 | akuut | 1 | 1 | 4 |

| Vraag | Antwoord | Punt | Barrett | L.U. |
|---|---|---|---|---|
| 3.18 | Sy haat brei of kan nie brei nie of is nie lus vir haar ma nie. | 1 | 3 | 4 |
| 3.19 | asemgehaal het | 1 | 1 | 4 |
| 3.20 | Konnotasie | 1 | 2 | 4 |
| 3.21 | Wanneer jy met jou gesig teen iemand anders sin staan, wil jy hom/haar dalk soen. | 1 | 2 | 4 |
| 3.22 | C – bywoordelike bysin | 1 | 1 | 4 |
| 3.23 | Jy behoort effens meer ontspanne te wees./behoort jy meer ontspanne te wees. | 1 | 2 | 4 |
| 3.24 | Nie | 1 | 1 | 4 |
| 3.25 | Aanvallend/wysende/bewegende/dreigende | 1 | 1 | 4 |
| 3.26 | Dink asseblief voor jy praat. / Dink voor jy praat, asseblief. | 1 | 3 | 4 |
| 3.27 | Om beskuldigings oor te vertel wanneer ons kwaad is. | 1 | 3 | 4 |
| 3.28 | Wees versigtig/moenie oordryf nie. | 1 | 2 | 4 |
| 3.29 | A – onbepaalde | 1 | 1 | 4 |
| 3.30 | Hy is kwater as sy vriend wat betrokke is. | 1 | 1 | 4 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**